# Die Naam van Jesus



**2025-08-03**
**AGS Rayton**
**Past Gustav van Aardt**

1

## Heb 1:1-8

Heb 1:1  Nadat God baiekeer en op baie maniere in die ou tyd gespreek het tot die vaders deur die profete, het Hy in hierdie **laaste dae tot ons gespreek deur die Seun**

Heb 1:2  **wat Hy as erfgenaam van alles aangestel het, deur wie Hy ook die wêreld gemaak het.**

Heb 1:3  Hy, wat die afskynsel is van sy heerlikheid en die afdruksel van sy wese en alle dinge dra deur die woord van sy krag, nadat Hy deur Homself die reiniging van ons sondes bewerk het, het gaan sit aan die regterhand van die Majesteit in die hoogte,

Heb 1:4  terwyl Hy soveel uitnemender geword het as die engele namate Hy 'n voortrefliker naam geërf het as hulle.

Heb 1:5  Want aan wie van die engele het Hy ooit gesê: U is my Seun, vandag het Ek U gegenereer? en weer: Ek sal vir Hom 'n Vader wees, en Hy sal vir My 'n Seun wees?

Heb 1:6  En wanneer Hy weer die Eersgeborene in die wêreld inbring, sê Hy: En al die engele van God moet Hom aanbid.

Heb 1:7  En van die engele sê Hy wel: Hy wat van sy boodskappers winde maak en van sy dienaars vuurvlamme;

Heb 1:8  **maar van die Seun: U troon, o God, is tot in alle ewigheid, die septer van u koninkryk is 'n regverdige septer**;

2

# Jesus se Naam was geprofeteer en is geërf

Mat 1:21  en sy sal 'n seun baar, en jy moet Hom **Jesus** noem, want dit is Hy wat sy volk van hulle sondes sal verlos.
Mat 1:22  En dit het alles gebeur, sodat die woord vervul sou word wat die Here deur die profeet gespreek het: Mat 1:23  Kyk, die maagd sal swanger word en 'n seun baar, en hulle sal Hom **Emmánuel** noem, dit is, as dit vertaal word: **God met ons**.

Jes 7:14  Daarom sal die HERE self aan julle 'n teken gee: Kyk, die maagd sal swanger word en 'n seun baar en hom **Immánuel noem**.

Jes 9:5  Want 'n Kind is vir ons gebore, 'n **Seun** is aan ons gegee; en die heerskappy is op sy skouer, en Hy word genoem: **Wonderbaar, Raadsman, Sterke God, Ewige Vader, Vredevors**—

Heb 1:4  terwyl Hy soveel uitnemender geword het as die engele namate **Hy 'n voortrefliker naam geërf het as hulle**.

3

# Jesus on Redder en Verlosser

Heb 2:10  Want dit het Hom betaam, ter wille van wie alle dinge en deur wie alle dinge is, as Hy baie kinders na die heerlikheid wou bring, om **die bewerker van hulle saligheid** deur lyde te volmaak.
"the captain of their salvation "

Mat 1:21  en sy sal 'n seun baar, en jy moet Hom Jesus noem, <u>want</u> dit is Hy wat sy volk van hulle sondes sal **verlos**.

Luk 2:11  dat vir julle vandag in die stad van Dawid gebore is die **Saligmaker** wat Christus, die Here, is.

## Jesus beteken in Hebreeus "God red"

Rom 10:13  **Want: Elkeen wat die Naam van die Here aanroep, sal gered word**.

Hand 4:12  En die saligheid is in niemand anders nie, want daar is ook **geen ander naam** onder die hemel wat onder die mense gegee is, **waardeur ons gered moet word nie**.

4

# God het Jesus verhoog en 'n naam gegee

Fil 2:8 en in gedaante gevind as 'n mens, het Hy Homself verneder deur gehoorsaam te word tot die dood toe, ja, die dood van die kruis.
Fil 2:9 **Daarom het God Hom ook uitermate verhoog en Hom 'n naam gegee wat bo elke naam is,**
Fil 2:10 sodat **in die Naam van Jesus** sou buig elke knie van die wat in die hemel en die wat op die aarde en die wat onder die aarde is,
Fil 2:11 en elke tong sou bely dat Jesus Christus die Here is tot heerlikheid van God die Vader.

- Jesus was gehoorsaam en het Homself verneder.
- Sy Vader het Hom verhoog en 'n naam gegee.
- Die kragtigste naam in hemel en aarde.

5

# Jesus se Naam word bevestig deur Sy oorwinning

Kol 2:15 nadat Hy die owerhede en magte uitgeklee en hulle in die openbaar tentoongestel en daardeur oor hulle getriomfeer het.

Col 2:15 When He had disarmed the rulers and authorities [those supernatural forces of evil operating against us], He made a public example of them [exhibiting them as captives in His triumphal procession], having triumphed over them through the cross. (Amp)

Rom 14:9 Want hiervoor het Christus ook gesterwe en opgestaan en weer lewend geword, **om oor dode sowel as lewende te heers**.

- Jesus Christus het die vyand oorwin.
- Ons Verlosser Jesus Christus het oorwinning behaal deur dood te gaan.

Mat 1:21 en sy sal 'n seun baar, en jy moet Hom **Jesus** noem, want dit is Hy wat sy volk van hulle sondes sal verlos.

6

# Jesus ons Redder wat weer kom

Openb 19:11  Toe het ek die hemel geopend gesien; en daar was 'n wit perd, **en Hy wat daarop sit, word genoem Getrou en Waaragtig**, en Hy oordeel en voer oorlog in geregtigheid. 12  En sy oë was soos 'n vuurvlam, en op sy hoof was baie krone; en Hy het 'n **Naam** wat geskrywe is, wat niemand ken nie, behalwe Hy self. 13  En Hy was bekleed met 'n kleed wat in bloed gedoop was, en **sy Naam is: Die Woord van God**.



Openb 22:4  En hulle sal sy aangesig sien, en **sy Naam sal op hulle voorhoofde wees**. 5  En nag sal daar nie wees nie; en hulle het geen lamp of sonlig nodig nie, omdat die Here God hulle verlig; en hulle sal as konings regeer tot in alle ewigheid.

7

# Die Voortreflikheid van Jesus Christus

**"Supremacy"**

Heb 1:7  En van die engele sê Hy wel: Hy wat van sy boodskappers winde maak en van sy dienaars vuurvlamme;
Heb 1:8  **maar van die Seun: U troon, o God,** is tot in alle ewigheid, die septer van u koninkryk is 'n regverdige septer;
Heb 1:9  **U het geregtigheid liefgehad** en ongeregtigheid gehaat; daarom het, o God, u God U gesalf met vreugde-olie bo u metgeselle;
Heb 1:10  en: U, o Here, het in die **begin die aarde gegrondves** en die **hemele is werke van u hande**.
Heb 1:11  Hulle sal vergaan, maar U bly; en hulle sal almal soos 'n kleed verslyt,
Heb 1:12  en soos 'n mantel sal U hulle toerol, en hulle sal verander word, maar U is dieselfde, en u jare het geen einde nie.

Psa 110:1  Van Dawid. 'n Psalm. Die HERE het tot my Here gespreek: Sit aan my regterhand, totdat Ek u vyande maak 'n voetbank vir u voete.

Joh 14:8  Filippus sê vir Hom: Here, toon ons die Vader, en dit is vir ons genoeg.
Joh 14:9  Jesus sê vir hom: Ek is so lankal by julle, en het jy My nie geken nie, Filippus? **Hy wat My gesien het, het die Vader gesien**. En hoe sê jy: Toon ons die Vader?

8

## Doen alles in Sy Naam


Kol 3:17  En wat julle ook al doen in woord of in daad, doen alles in die Naam van die Here Jesus en dank God die Vader deur Hom.



9

Rom 10:13  **Want: Elkeen wat die Naam van die Here aanroep, sal gered word**.

**Jes 43:1**  Maar nou, so sê die HERE, jou Skepper, o Jakob, en jou Formeerder, o Israel: Wees nie bevrees nie, want Ek het jou verlos; **Ek het jou by jou naam geroep; jy is myne!**




10